education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# AFRIKAANS HUISTAAL
# GRAAD 11
# VRAESTEL 1
# JUNIE 2018

**TYD: 2 UUR**

**TOTAAL: 70 PUNTE**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en –konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep na elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## TEKS A

### Aktiewe kinders is slimmer kinders

1 Dit is geen geheim dat sport en oefening kinders sterk en gesond maak nie. Maar wat ouers nie altyd besef nie, is dat slim kinders op skool kan sukkel om hul potensiaal te bereik as hulle swak spiertonus het. Pak weg die elektroniese speletjies en raak aktief.

2 "Daar is deesdae baie meer kinders met lae spiertonus weens onderontwikkelde groot motoriese beheer,'' sê Lizette Brunner, 'n graadeen-onderwyseres van Durbanville. Ouers sien deesdae ook nie die waarde van grondslagaktiwiteite soos inkleur en knip nie. Dis belangrike fyn motoriese ontwikkeling wat nodig is voor kinders suksesvol kan skryf. ''Baie kinders speel gedurig op konsoles wat nie dieselfde handbeheer aanleer nie. Aktiewe speletjies leer kinders ruimtelike oriëntasie en as hulle hier 'n agterstand het, sukkel hulle om take uit te voer. Die kind kan wel slim wees, maar hy raak agter omdat hy sukkel om te skryf en take uit te voer. Speel is een van die beste maniere om te leer,'' sê Lynette.

3 Ouers word aangemoedig om 'n sportsoort te kry wat by hul kind se persoonlikheid pas, want dit moet vir hom lekker wees. As die kind nie van sport hou nie, of nie daarvoor aangelê is nie, moet prettige goed soos klouterraam, trampolien of swaaitennis liefs by die huis gedoen word.

4 Hou verwagtinge realisties en moenie in die slaggat trap om die kind te veel te druk nie. Baie kinders is teen die einde van laerskool al so moeg vir sportdruk dat hulle ''uitbrand'' en in die hoërskool aan niks wil deelneem nie. Onthou om 'n onderskeid tussen die kind en sy talent te maak. As die kind swak vaar, is dit net die vaardigheid wat nie op sy beste was nie. Die kind is nog net so spesiaal as wat hy was.

5 Gemiddelde kinders moet aangemoedig word om saam met hul ouers aan doelwitte te beplan sodat die kind voel dat hy vorder, maar teen sy eie pas en volgens sy vaardigheid. Maak seker hy hou ten minste een jaar met 'n sportsoort vol, eerder as wat jy keer op keer geld in nuwe lesse en toerusting wat na 'n paar maande hul nuwigheid verloor, belê. Dit is al hoe hulle deursettingsvermoë aanleer.

6 As jou kind nie wil deelneem nie, moet jy aan meer moontlikhede dink as die sportsoorte wat die skool aanbied. Verweerkunssportsoorte

soos karate en judo is goed vir aggressiewe of aandagafleibare kinders, want dit leer hulle beheer en fokus. Dans is ‘n wonderlike aktiwiteit en seuns hou van hip-hop-danse. Dit leer hulle koördinasie, en die verskeie bewegings ontwikkel die spiere. Boonop is dit lekker sosiaal.

7 Bridget Marshall, ‘n spesialis in neuro-ontwikkelingsterapie, is van mening dat daar toenemend meer kinders in graad nul, een en twee is wat sukkel om te vorder. ‘n Groot oorsaak is swak stabiliserende spiere wat jou postuur beïnvloed. Dus word die spiere gou moeg en veroorsaak dat die kind sukkel om stil te sit en te konsentreer. Die oorwerkte mobiliserende spiere word styf en kan nek- en hoofpyn veroorsaak. Dit beïnvloed hul selfvertroue en keer dat intelligente kinders hul volle potensiaal bereik. Omdat kinders nie die basiese bewegings baasraak nie, is sport moeiliker en is dit nie vir hulle lekker nie.

8 ‘’Ek werk al 21 jaar in dié veld, en hoewel ouers se kennis op sekere vlakke toegeneem het, ignoreer hulle dikwels die basiese dinge omdat hulle te besig is,’’ sê René van Pletzen, ‘n arbeidsterapeut van Durbanville. ‘’Probleme word gewoonlik op al kleuterskoolvlak geïdentifiseer, maar omdat ouers so mededingend is, ervaar hulle dit maklik as persoonlike kritiek en is dadelik op die verdediging.’’

9 Skole fokus meestal op die akademie omdat dit die primêre doel van die skool is asook die plek is waar die fondament vir suksesvolle, naskoolse akademiese prestasie gelê word. Daar word soms vergeet dat as jy op sport fokus, baie van die sosiale probleme sal verbeter. Die sosiale voordele en lewenslesse wat kinders in sport leer, sal hulle tot in hul volwasse lewe bybly, en kan verhoed dat hulle by bendes betrokke raak of in misdaad verval. Aktiewe ouers inspireer kinders om deel te neem en gesinne wat saam aktief is, vorm hegte bande.

10 Vasbyt! Sport leer kinders om aan te hou lank ná hulle nie meer lus is nie.

[Bron: *Rooi Rose,* 21 Julie 2016]

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

**TEKS B**




[Bron: Die Burger 27 Mei 2017]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Hoe word die slim kind in die titel van ander onderskei? (1)

1.2 Wanneer sal slim kinders nie hulle volle potensiaal kan bereik nie en wat is die hoofoorsaak daarvan? (2)

1.3 Wat, volgens Lizette Brunner, is die voordeel van aktiewe speletjies by jong kinders? Watter gevolg kan ‘n agterstand in hierdie opsig vir kinders inhou en wat is volgens haar die heel beste metode om te leer? (3)

1.4 Wat moet ouers in gedagte hou wanneer hulle sportsoorte vir hul kinders identifiseer en watter alternatief moet ouers volg as hul kind nie ’n talent vir sport het nie? (2)

1.5 Herlees paragraaf 4.
Wat dink jy is die skrywer se doel/oogmerk met die onderstreepte woorde? Waarom sal jy simpatie hê met kinders wat uitbrand en watter lewensles moet ouers hieruit leer indien sy kind swak vaar? (3)

1.6 In watter opsig hou die deelname aan sportsoorte verband met die aanleer van deursettingsvermoë? (1)

1.7 Watter tipe sportsoorte word aanbeveel vir aggressiewe of aandag-afleibare kinders? Gee 'n voorbeeld van hierdie tipe sportsoort. (2)

1.8 Watter ooreenstemmende siening huldig Lizette Brunner en Bridget Marshall rakende leerders wat sukkel om te vorder? Verduidelik waarom die skrywer juis hierdie twee persone as verwysings gebruik? (2)

1.9 Wat is die gevolge van swak stabiliserende spiere wat jou postuur beïnvloed? (4)

1.10 Herlees paragraaf 2 en 8.
René van Pletzen ondersteun Lizette Brunner se siening dat probleme al dikwels op kleuterskoolvlak geïdentifiseer word. Watter spesifieke ontwikkelingsvaardighede het Lizette Brunner geïdentifiseer en gee 'n voorbeeld daarvan. (2)

1.11 Dink jy skole behoort op akademie of sport te fokus? Motiveer jou antwoord deur TWEE redes te verskaf. (2)

**VRAE: TEKS B**

1.12 Oor watter belangrike boodskap word in die koerant berig en waarom is die seun se woorde dat hy pas die Wimbledontennis gewen het, ironies? (3)

1.13 Verduidelik die stereotipering van tieners wat duidelik in die strokie na vore kom? Motiveer jou antwoord deur na 'n voorbeeld in die strokie te verwys. (2)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.14 Watter verband is daar tussen die eerste paragraaf van TEKS A en die handeling van die seun/tiener in TEKS B? (1)

[30]

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van SEWE **idees om selfvertroue terug te ploeg in jou lewe.**
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **PARAGRAAFVORM** aangebied word.
- Die totale getal woorde mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dui die totale getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**EFFEKTIEWE MANIERE OM JOU SELFVERTROUE TERUG TE KRY**

Die lewe kan soms teleurstellings oor ons pad bring wat ons eintlik kan laat met 'n gevoel van onsekerheid oor onsself. Hier is 'n paar idees om selfvertroue terug te ploeg in jou lewe.

Jy gaan nooit selfvertroue bou deur jouself voortdurend as vet, lui, dom, lomp en hopeloos te beskou nie. Let op jou negatiewe gedagtes en verruil eerder 'n negatiewe lewensuitkyk vir 'n positiewe een. 'n Mens is uiteindelik wat jy is.

Praat elke oggend met jouself in die spieël. Vertel jouself hoe bekwaam, georganiseerd, intelligent, uniek en aantreklik jy is en kort voor lank sal hierdie positiewe selfspraak veroorsaak dat jy die lewe sommer baie rooskleuriger ervaar.

Almal het 'n rolmodel wat hulle kan respekteer en bewonder. Wanneer jy nie genoeg vertroue in jou eie besluitnemingsvermoë het nie, dink aan dié rolmodel en stel jou voor wat hy in daardie situasie sou doen. Moenie ontmoedig word deur foute en probleme nie. Beskou hierdie foute eerder as geleenthede om jou durf en moed te bewys. Beskou foute as 'n goeie leerskool. Onthou dat probleme altyd kleiner lyk wanneer dit eers opgelos is.

Mense met selfvertroue glimlag altyd en hulle lag uitbundig. Lag is boonop goeie medisyne omdat dit endorfiene vrystel wat jou laat goed voel. 'n Glimlag is nie net aansteeklik nie, maar voordat jy weet, voel jy ook vrolik en sien jy kans om take maklik aan te pak. So kry jy maklik die swaarkry met lekkerkry klaar.

Omring jou met mense wat jou selfvertroue aanhelp, jou vir klein gunsies bedank, jou met jou prestasies gelukwens en bly is oor jou sukses. Boonop moet jy, en dit is baie belangrik, onthou: jy mag dalk wonderlik wees, maar jy is nie perfek nie, daarom moet jy dit aanvaar. Volgende keer sal jy beter doen. Die lewe is te kort om oor jou foute te tob. Op hierdie manier sal jy minder spyt wees en baie twyfel in die kiem smoor.

[Verwerk uit: *Beeld*: *Pols*, 25 Oktober 2016]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALLEER

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**



3.1 Watter konnotatiewe betekenis kan, binne konteks, aan die onderstreepte woorde in die kop van die advertensie geheg word? (1)

3.2 Wat is die funksie van die koppelteken in die onderstreepte woorde in reël 1? (1)

3.3 Skryf die kern van *geliefde* in reël 1 neer. (1)

3.4 Watter klankverskynsel sou voorkom indien *kombuistaal* reël 6 en 7, as *kombystaal* uitgespreek word? (1)

3.5 Skryf die aanwysende voornaamwoord wat in paragraaf 2 (reël 6 tot 10) voorkom, neer. (1)

3.6 Gee die enkelvoud van *howe* (reël 9). (1)

3.7 Verwys na *sakewêreld* (reël 13).

3.7.1 Waarom is hierdie woord 'n voorbeeld van 'n samestelling? (1)

3.7.2 Gebruik die kern van die woord as bepaler in 'n woord. (1)

3.8 Kyk na die visuele voorstellings in die advertensie. Watter een ondersteun die vetgedrukte woorde ***Klink 'n glasie op Afrikaans!*** die beste? (1)

3.9 Waarvoor staan die afkorting ATKV? (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Bron: hhttp://www.google.co.za]

4.1 Benoem die onderstreepte klank in strokie 1 raampie1. (1)

4.2 Wat is die funksie van die beletselteken/ellips binne konteks van strokie 1 raampie 2? (1)

4.3 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in strokie 2 raampie 1. (1)

4.4 Gee die verkleinwoord van *resepte* (strokie 2 raampie 2). (1)

4.5 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in strokie 2 raampie 3. (1)

4.6 Skryf Neelsie se woorde in strokie 3 raampie 1 in die indirekte rede. Begin met: Neelsie het gesê dat… (1)

4.7 Gee die korrekte intensiewe vorm van die woord tussen hakies in strokie 3 raampie 2. (1)

4.8 Voltooi deur die besitlike voornaamwoord in strokie 4 raampie 1 in te vul. (1)

4.9 Gee ’n sinoniem vir die onderstreepte woord in strokie 4 raampie 1. (1)

4.10 Wat is die geïmpliseerde betekenis van Neelsie se vraag in strokie 4 raampie 3? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**SOSIALE MEDIA EN KINDERS: DIE MOETS EN MOENIES**

1. Sosiale media het die wêreld oneindig verryk. Maar dit kan ‘n gevaarlike plek wees as jy sommer net kop eerste in die onbekende induik.

2. Gielie Hofmann, leierskapkonsultant, het met ouers gesels oor hoe om hul kinders vir die wêreld van sosiale media voor te berei.

3. Hy het ouers aangemoedig om gereeld met hul kinders te gesels en ‘n ooreenkoms te tref oor kinders se aanvaarbare gebruik van dit.

4. Hofmann sê dit is belangrik dat ouers dink oor hoekom hulle en hul kinders sosiale media gebruik. As dit 5.6 (kommer + wek) raak, moet ouers liefs ‘n stokkie daarvoor 5.7 …

Kopiereg voorbehou 

5. Kinders moet leer dat hulle nie toeskouers moet wees van 'n geboeliery nie. Hulle hoef nie noodwendig op daardie oomblik teen die boelie op te staan nie; dit kan so 5.8 (eenvoudig) wees soos om ná die tyd 'n persoonlike boodskap van bemoediging vir die vriend wat geboelie is te stuur.

6. Hofmann het ouers gevra om asseblief nie 'n boelie-voorval op 'n ouerskapsgroepie te probeer hanteer nie, maar ook <u>gewaarsku</u> dat ouers nie só 'n voorval moet los om maar net self uit te werk nie.

[Verwerk uit: *Maroela media*, 16 Mei 2017]

5.1 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die lydende vorm. (1)

5.2 Benoem die onderstreepte telwoord wat in paragraaf 1 gebruik is. (1)

5.3 Skryf die infinitief wat in paragraaf 2 voorkom, volledig neer. (1)

5.4 Korrigeer die foutiewe voornaamwoord in paragraaf 3. (1)

5.5 Vorm deur middel van 'n metamorfeem (klinkerwisseling) 'n nuwe woord van die onderstreepte woord in paragraaf 4 en gebruik dit in 'n verklarende sin. (1)

5.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies in paragraaf 4. (1)

5.7 Voltooi die ontbrekende idioom in paragraaf 4. (1)

5.8 Vervang die woord tussen hakies in paragraaf 5 met 'n gepaste antoniem. (1)

5.9 Wat is die funksie van die voorvoegsel/premorfeem in die onderstreepte woord in paragraaf 6? (1)

5.10 In paragraaf 6 word die woord *maar* twee maal gebruik. Waarom is daar nie 'n komma voor die tweede *maar* nie? (1)
**[10]**

**TOTAAL VAN AFDELING C: 30**

**TOTAAL VAN VRAESTEL: 70**

Kopiereg voorbehou